



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE ASSESSERING ALGEMENE ONDERWYSSERTIFIKAAT (AO)

2022 GRAAD 9 PROEFSTUDIE

Vak: Afrikaans Huistaal

Punte: 70

Tydsduur: 120 Minute

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye, uitgesluit die voorblad.

Instruksies aan die leerder

1. Lees al die instruksies en vrae noukeurig deur.
2. Beantwoord al die vrae.
3. Beantwoord al die vrae in die antwoordboek wat verskaf word.

Die toets begin op die volgende bladsy.



Moenie omblaai voordat jy gesê word om dit te doen nie.

AFDELING A

Vraag 1: Koerantartikel

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die seun wat die wind tot sy voordeel gebruik het

- 1 Die seun wat die wind tot sy voordeel gebruik het, is die besondere, interessante en opbouende weergawe van 'n gewone tiener van Afrika wat van skroot 'n windpomp gemaak het om elektrisiteit aan sy hele gemeenskap te voorsien.
- 2 William Kamkwamba is in Malawi gebore, 'n land waar toorkuns geheers het en wetenskap 'n raaisel was. Dit was ook 'n land wat deur droogte en hongersnood verdor het en 'n plek waar hoop en geleentheid moeilik was om te vind. Maar William het in 'n boek getiteld *"Using Energy"* geles oor windpompe, en hy het gedroom daarvan om een te bou wat elektrisiteit en water na sy gemeenskap sou bring en sy lewe en die lewens van sy bure sou verander. Sy skeptiese bure sou hom dalk spot en het hom 'misala' kranksinnig genoem, maar William was vasberade om hulle te wys wat 'n bietjie durf en deursettingsvermoë kon doen.
- 3 Betower deur die werking van elektrisiteit, wou William as 'n seun, wetenskap by Malawi se top koshuisskole gaan studeer. Maar in 2002 is sy land deur droogte getref wat sy familieplaas verwoes het en sy ouers wanhopig gelaat het. Nie in staat om die jaarlikse studiefout van tagtig dollar vir sy studies te betaal nie, het William noodgedwonge opgeskop en gehelp om vir sy familie kos te soek terwyl duisende oor die land van honger omgekom het.
- 4 Met sy kop in die wolke, het William geweier om van sy drome af te sien. Met niks meer as 'n vuigvol meliameel in sy maag, 'n klein hopenie eens vergete wetenskapboeke en 'n hoop deursettingsvermoë en nuuskierigheid, het hy hom begeef in 'n waaghalsige plan om vir sy familie van 'n stel luukshede te voorsien. Luukshede soos elektrisiteit en lopende water word erken as 'n noodsaaklikheid by die bevoorregte Westerlinge, alhoewel dit iets is wat slegs twee present van Malawiërs kan bekostig. Met die gebruik van skroot, trekkerparte en fietsparte, het William 'n eenvoudige maar funksionele

windpomp ontwerp. Dit was 'n onwaarskynlike uitvinding en 'n klein wonderwerk wat uiteindelik vier ligte opgewek het, toegerus met tuisgemaakte skakelaars en 'n stroombaanontwerp van spykers en draad. 'n Tweede masjien het water opgewek wat die droogte en hongersnood bekamp het.

- 5 Binnekort het die nuus van William se 'magetsi a mphepo' (sy 'elektriese wind') buite die grense van sy huis versprei en die seun wat eers bekend gestaan het as kranksinnig het 'n inspirasie vir mense oor die wêreld geword.
- 6 Hierdie is 'n merkwaardige storie van menslike vindingrykheid en die vermoë om uitdagende omstandighede te oorkom. Terwyl die windpompe lag in die son, het die seun die wind tot sy voordeel gebruik. Dit sal enige iemand wat oor die vermoë beskik, inspireer om ook veranderinge aan sy gemeenskap aan te bring en die lewens rondom hulle te verander.

Aangepas van: https://www.bookbrowse.com/reviews/index.cfm/book_number/2351/the-boy-who-harnessed-the-wind

1.1 Hoe het William die kennis om 'n windpomp te bou, verwerf?

- A Hy het dit by die skool geleer.
- B Hy het dit op die internet nagevors.
- C Hy het dit in 'n boek gelees.
- D Hy het een aand daaroor gedroom. (1)

1.2 Watter van die volgende items het William nie gebruik om die windpomp te maak nie.

- A skroot
- B trekkerparte
- C vier ligte
- D fietsparte (1)

Met 'n bietjie durf het William hulle gewys wat gedoen kan word. (Paragraaf 2)

1.3 Durf in bostaande sin beteken...

- A inspirasie
- B geluk
- C waagmoed
- D vriendelikheid (1)

1.4 Hoe gereeld ervaar Malawi droogtes?

- A seisoenaal
- B daaglik
- C selde
- D nooit (1)

1.5 Watter bewys is daar dat William vasbeslote was?

- A Hy het skool verlaat.
- B Hy het geweier om van sy droom af te sien.
- C Hy wou wetenskap studeer.
- D Hy het op 'n plaas gebly. (1)

1.6 Hoekom het William 'n windpomp gebou?

- A Hy wou trots by sy familie inboesem.
- B Hy wou die lewenskwaliteit van sy gemeenskap bevorder.
- C Hy wou sy bure verkeerd bewys.
- D Hy wou geld maak vir sy skoolopleiding. (1)

1.7 Verwys na 'skeptiese bure' (Paragraaf 2).

Wat het die bure van William se planne om 'n windpomp te bou, gedink?

- A Hulle was beïndruk.
- B Hulle was skepties.
- C Hulle was opgewonde.
- D Hulle was besorgd. (1)

1.8 Hoe dink jy het William gevoel toe hy skool moes verlaat?

- A optimisties
- B hoopvol
- C beangs
- D teleurgesteld (1)

1.9 Watter beeldspraak word gebruik in "die windpompe lag in die son" (Paragraaf 6)

- A alliterasie
- B personifikasie
- C vergelyking
- D klanknabootsing (1)

1.10 "waar toorkuns geheers het en wetenskap 'n raaisel was" (Paragraaf 2)

Watter indruk gee die bogenoemde frase oor Malawiërs?

- A Hulle is modern.
- B Hulle is bygelowig.
- C Hulle is kranksinnig.
- D Hulle is geheimsinnig. (1)

1.11 Wat impliseer 'n 'klein wonderwerk' rakende die windpomp? (Paragraaf 4)

- A Dit was ongelooflik.
- B Dit was 'n eenvoudige ontwerp.
- C Dit was gemaak om te hou.
- D Dit was nie baie groot nie. (1)

1.12 Na aanleiding van die teks, watter sin is korrek?

- A Almal weet dat William sy drome gaan vervul.
- B Alle Malawiërs geniet die luukshede van elektrisiteit en lopende water.
- C William het skroot en bootparte gekoop om windpompe te ontwerp.
- D Mense se opinies oor William het verander na sy ontdekking. (1)

1.13 Hoe is William anders van die ander tieners in Afrika?

- A Hy is skepties en uitdagend.
- B Hy is vasbeslote en desperaat.
- C Hy is kranksinnig en selfgesentreerd.
- D Hy is kreatief en self gemotiveerd. (1)

1.14 Wat impliseer 'met sy kop in die wolke' (Paragraaf 4) oor William?

- A Hy was baie lank.
- B Hy was in 'n vliegtuig.
- C Hy was 'n dromer.
- D Hy was ver weg. (1)

1.15 Watter van die volgende woord kombinasies beklemtoon die impak van die droogte?

- A beproewing, verpletterd, verweer
- B verpletterd, inspirerend, merkwaardig
- C vasbeslote, moeilik, beproewing
- D onwaarskynlik, verdor, desperaat (1)

1.16 Kies die sin wat die teks die beste opsom?

- A William het 'n windpomp gemaak om sy familie te help om die luukshede van elektrisiteit te geniet.
- B William se droom was om sy familie se lewe en die lede van sy gemeenskap te verbeter.
- C William moes 'n manier vind om na skool bekendheid te verwerf.
- D William het besluit om die mense wat hom kranksinning genoem het, verkeerd te bewys. (1)

1.17 “*Using Energy*” (Paragraaf 2) wat skuinsgedruk is dui ...

- A die titel van die boek aan.
- B 'n direkte aanhaling aan.
- C 'n belangrike sin aan.
- D 'n beskrywing van William aan. (1)

1.18 Wat suggereer ‘durf en vasberade’ (Paragraaf 2) van William?

- A Hy was altyd vuil en 'n slordige mens.
- B Hy het op 'n plaas gewerk.
- C Hy was hardwerkend en het volhard.
- D Hy was lui en onverantwoordelik. (1)

1.19 Hoe beïnvloed die skrywer die leser se opinie van William?

Hy beskryf hom as ...

- A skepties.
- B inspirerend.
- C desperaat.
- D doodgewoon. (1)

1.20 Vir watter teikengroep is die teks geskryf?

- A Lesers wat van plaasstories hou.
- B Lesers wat dit geniet om oor kranksinnige mense te lees.
- C Lesers wat van droogtes droom.
- D Lesers wat van inspirerende stories hou. (1)

1.21 Hoe manipuleer 'hoop en geleentheid te vind' (Paragraaf 2) die leser se gevoel oor Malawiërs?

- A Lesers voel jammer vir die Malawiërs.
- B Lesers voel hoopvol teenoor die Malawiërs.
- C Lesers voel geïnspireer deur Malawiërs.
- D Lesers voel kwaad vir die Malawiërs. (1)

1.22 Watter van die volgende frases skep die gevoel van simpatie?

- A 'eens vergete wetenskapboeke'
- B 'oorkom oorweldigende ontberinge'
- C 'luukshede van elekrisiteit en lopende water'
- D 'verlaat die dor familieplaas' (1)

1.23 Op watter manier sal William se uitvinding Malawi 'n beter plek maak?

- A Daar sal minder droogtes wees.
- B Tydens droogtes, sal daar water wees.
- C Mense sal nie langer in toorkuns glo nie.
- D Mense sal in William se drome glo. (1)

1.24 Wat is die doel van paragraaf 1?

- A om belangstelling in windpompe aan te wakker.
- B om elektrisiteit vir sy gemeenskap te skep.
- C om 'n windpomp van skroot te maak.
- D om belangstelling in die teks te kweek. (1)

1.25 Watter gevolgtrekking kan ons van die teks maak?

- A Skoolverlating kan jou help om kreatief te wees.
- B Vasberadenheid en harde werk kan lewens verander.
- C Herwinning kan die omgewing verbeter.
- D Om mense verkeerd te bewys is baie belangrik. (1)

[25]

Vraag 2: Taalstrukture- en Konvensies

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Greta Thunberg sê, “Ons huis is aan die brand”



- 1 Greta Thunberg is in 2003 in Stockholm, Swede, gebore. Greta was 'n introvert wat nie veel op skool gesê het nie, maar omdat sy skugter was, het dit daartoe gelei dat sy deur ander kinders afgeknou is. Dit het so erg geword dat Greta depressief geraak het en selfs opgehou eet het. Sy het baie gewig verloor en kon dood gewees het maar haar ouers het dokters gevind wat 'n behandelingsplan ontwikkel het, wat vir haar gewerk het. Haar ma en pa het 'n nuwe skool gevind en daar het sy nuwe vriende gemaak, wat haar gehelp het om te herstel en weer belangstelling in die wêreld rondom haar te toon.
- 2 Op agtjarige ouderdom het Greta die eerste keer oor klimaatsverandering geleer. Sy het geleer dat koolstofdioksied (CO₂) een van die kweekhuiskasse is wat die oorsaak van klimaatsverandering voortbring. Hoe meer sy daaroor te wete gekom het, hoe meer bekommerd het sy geword.
- 3 Almal het die regte taal gepraat, maar niemand het die regte ding gedoen nie. Selfs op 'n jong ouderdom, was sy besorgd oor die skadelike uitwerking van klimaatsverandering en het besluit om iets daaraan te doen.
- 4 Sy het gehoor van werkers wat gestaak het oor beter salarisse en gewonder of studente ook sou staak oor klimaatsverandering. Sy het haar vriende daarvan vertel, maar niemand het in haar belangstelling gedeel nie. In plaas daarvan om op te gee, het Greta 'n groot plakkaat met die woorde in Sweeds “Skool Staak vir Klimaat” geverf. Sy het ook pamflette gedruk, met al die feite oor die klimaatkrisis. Op 20 Augustus 2018, het sy met haar fiets na die Sweedse parlement gery waar hulle vergader het. Greta het 'n goeie plek

gevind waar sy haar plakkaat ten toon gestel het en op haar kussing gesit met haar pamflette langs haar.

- 5 Sy het 'n verbyganger gevra om 'n foto van haar te neem en dit opTwitter te plaas. Sy het eers net twintig volgelingen gehad, maar nadat die foto 'n paar keer hertwiet was, het dinge verander. Binne 'n paar dae het verslaggewers onderhoude met haar gevoer, ander kinders het by haar aangesluit en is sy deur die Greenpeace aktiviste en ander organisasies, ondersteun. Greta se lewe sou nooit weer dieselfde wees nie.
- 6 In Desember 2018, net 'n paar maande nadat sy haar protesaksie gehad het, is Greta uitgenooi om by die Verenigde Nasies se COP24 Klimaatsverandering Konferensie in Pole te praat. Terwyl sy angstig op haar beurt gewag het, het haar hart vinniger as ooit geklop.
- 7 Sedert daardie praatjie het Greta die mees beroemde klimaatsverandering aktivis geword. Sy het in 2019 die *Time* tydskrif se Persoon van die Jaar toekenning ontvang. Haar aksies het ander jong mense regoor die wêreld geïnspireer om aktiviste vir klimaatsverandering te word.

Aangepas van: www.natgeokids.com

Woordelys

Twitter: Sosiale Media platform

2.1 Watter tipe selfstandige naamwoord is 'skugter' (Paragraaf 1)?

- A eienaam
- B maatnaam
- C abstrak
- D soortnaam

(1)

Greta was 'n introvert wat nie veel op skool gesê het nie.

2.2 Identifiseer die tipe sin in die bostaande sin.

- A uitroepsin
- B bysin
- C stelsin
- D saamgestelde sin (1)

2.3 Wat is 'n sinoniem vir 'skugter' (Paragraaf 1)?

- A skaam
- B spontaan
- C populêr
- D energiek

2.4 Watter woord in die eerste paragraaf is 'n antoniem vir opgewek?

- A 'skugter'
- B 'introvert'
- C 'geboelie'
- D 'depressief' (1)

2.5 'Selfs op 'n jong ouderdom was sy besorgd.' (Paragraaf 3) is ...

- A 'n enkelvoudige sin.
- B 'n saamgestelde sin.
- C 'n byvoeglike bysin.
- D 'n bywoordelike bysin. (1)

Sy het na 'n ander skool toe gegaan ... sy nie gelukkig was by haar vorige skool nie.

2.6 Voltooi die leë spasie in die bostaande sin met die gepaste voegwoord.

- A maar
 - B omdat
 - C alhoewel
 - D tensy
- (1)

Sy het gehoor van werkers wat gestaak het vir beter salarisse. (Paragraaf 4)

2.7 Die onderstreepte woord in bostaande sin is 'n voorbeeld van

- A 'n voorsetsel.
 - B 'n byvoeglike naamwoord.
 - C 'n selfstandige naamwoord.
 - D 'n werkwoord.
- (1)

(...) klimaatsverandering aktiviste het (...) protesaksie buite die Verenigde Nasie se kantore gehou.

2.8 Kies die korrekte woord kombinasie om die bogenoemde spasies te voltooi.

- A 'n/'n
 - B Die/die
 - C Die/'n
 - D 'n/die
- (1)

Ons mors baie tyd om net oor klimaatsverandering te praat.

2.9 Kies die korrekte weergawe van die bostaande sin in lydende vorm.

- A Baie tyd sal deur hulle gemors word om oor klimaatsverandering te praat.
- B Baie tyd was gemors om oor klimaatsverandering te praat.
- C Baie tyd word deur ons gemors om oor klimaatsverandering te praat.
- D Baie tyd is deur ons gemors om oor klimaatsverandering te praat. (1)

‘Sy het gewonder of studente ook sou staak oor klimaatsverandering.’

(Paragraaf 4)

2.10 Wat is die betekenis van die woord ‘staak’ soos dit in die bostaande sin gebruik word.

- A wat blitse doen in ‘n donderstorm.
- B om iemand met die hand te slaan.
- C weiering om skool toe te gaan.
- D ‘n skielike aanval in ‘n oorlog. (1)

Greta het die beroemd... klimaatsverandering aktivis in die hele wêreld geword.

2.11 Kies die korrekte agtervoegsel om die onderstreepte woord in bostaande sin te voltooi.

- A -ende
- B -ste
- C -ig
- D -te (1)

Sedert sy agt jaar oud was, het Greta 'n bron van inspirasie vir jongmense geword.

2.12 Watter tipe werkwoord is die onderstreepte woord in bostaande sin?

- A deeltjie werkwoord
 - B hulpwerkwoord
 - C hoofwerkwoord
 - D bywoord
- (1)

'Sy het 'n groot plakkaat gemaak en die woorde "Skool Staak vir Klimaat" in Sweeds daarop gevef.' (Paragraaf 4)

2.13 Hoekom is die woorde "Skool Staak vir Klimaat" in aanhalingstekens geskryf?

- A Om direkte rede op die plakkaat aan te dui.
 - B Om op die plakkaat 'n punt te maak.
 - C Om 'n aanhaling op die plakkaat aan te dui.
 - D Om die opskrif van die plakkaat aan te dui.
- (1)

Greta, wie se foto op die voorblad van *Time* tydskrif verskyn het, is 'n klimaatsaktivis.

2.14 Watter tipe voornaamwoord is 'wie se' in die bostaande sin.

- A betreklike
 - B besitlike
 - C onbepaalde
 - D wederkerige
- (1)

Om *Time* tydskrif, Persoon van die jaar toekenning te ontvang was 'n ongelooflike vir Greta.

2.15 Kies die korrekte spelling van die woord vir die bostaande sin.

- A prestasie
- B pre-stasie
- C pristasie
- D prestaasie (1)

2.16 Kies die korrekte teenwoordige tydsvorm.

- A Greta sal vanaand saam met haar Pa na die Klimaatsverandering Konferensie toe gaan.
- B Greta gaan vanaand saam met haar Pa na die Klimaatsverandering Konferensie toe.
- C Greta het vanaand saam met haar Pa na die Klimaatsverandering Konferensie toe gegaan.
- D Greta sou vanaand saam met haar Pa na die Klimaatsverandering Konferensie gaan. (1)

Sy het gevra, "Greta, hoekom klink jy vandag so depressief?"

2.17 Wat is die korrekte indirekte rede vir bostaande sin.

- A Sy het Greta gevra waarom sy vandag so depressief klink.
- B Sy het Greta gevra waarom sy so depressief klink.
- C Sy het Greta gevra waarom sy so depressief geklink het op daardie dag.
- D Sy het Greta gevra waarom sy daardie dag so depressief geklink het. (1)

2.18 Watter sin is 'n voorbeeld van stereotipering?

- A Tieners stel nie belang in wêreldsake nie.
 - B Tieners gebruik nie sosiale media nie.
 - C Tieners is arrogant en verantwoordelik.
 - D Tieners word altyd afgeknou op Twitter.
- (1)

Greta het haar kennis ... Twitter met haar mede aktiviste gedeel.

2.19 Kies die korrekte voorsetsel om bostaande sin te voltooi.

- A onder
 - B tussen
 - C in
 - D op
- (1)

2.20 Wat is die figuurlike betekenis van die teks se titel, "*Ons huis is aan die brand?*"

- A Die Amasone woude is aan die brand.
 - B Planeet Aarde loop gevaar om oorverhit te word.
 - C Regeringsgeboue soos die parlement is aan die brand.
 - D Greta se huis brand.
- (1)


[20]

Vraag 3: Visuele Tekst

3.1: Advertensie

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**BEDAGSAAMHEID****WERK!**

**+****VERBETER**
Verhoudings
Geluk
Energie
Geestesgesondheid
Gesonde hart
Lewenslus
Algemene welstand

AFNAME
—
-

Hoe om bedagsaam te wees by die skool

Ondersteuning:

- Optimiste
- Positiewiteit
- Geluk
- Samewerking
- Verbintenis
- Empatie



Aangepas van: www.StopBullying.gov

3.1.1 Wat is die boodskap wat die teks weergee?

- A Stop boeligedrag.
- B Beklemtoon bedagsaamheid.
- C Ondersteun geestesgesondheid.
- D Bevorder skoolveiligheid. (1)

3.1.2 Wie is die teikengroep van die grafiese voorstelling?

- A verpleegsters
- B onderwysers
- C werkers
- D leerders (1)

3.1.3 Waarom kom daar 'n prentjie in die titel voor?

- A om spasie in die titel op te neem
- B om die boodskap van die titel te beklemtoon
- C om die adverteerder se logo te wys
- D om die skoolaktiwiteite te adverteer (1)

3.1.4 Watter beeldspraak kom voor in die titel 'Bedagsaamheid Werk'?

- A persoonifikasie
- B hiperbool
- C metafoor
- D ironie (1)

3.1.5 Die prentjie onderaan die teks reflekteer bedagsaamheid.

Kies die korrekte woord wat bedagsaamheid illustreer.

A konflik

B genot

C samewerking

D aggressie

(1)

[5]

AFDELING B

3.2: Strokiesprent

Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Aangepas van: Mail & Guardian

- 3.2.1 Waar vind die gebeure plaas? (1)
- 3.2.2 Wie is die karakter wat in raam 1 praat? (1)
"Moet jy dit nou doen?" (raam 1)
- 3.2.3 Waarna verwys die woord "dit"? (1)
- 3.2.4 Watter ironie kom voor in die bestuurder se aksie? (1)
- 3.2.5 Verduidelik wat het in raam 4 gebeur? (1)
- 3.2.6 Hoe voel die passasier in raam 3? (2)
Verskaf 'n visuele leidraad om jou antwoord te staaf.

3.2.7 Wat is die boodskap wat die strokiesprent oordra? (1)

3.2.8 Dink jy die bestuurder moes na die passasier geluister het?

Gee `n rede vir jou antwoord. (2)

[10]

Vraag 4: Opsomming

Lees die teks en maak 'n opsomming oor **hoe om die regte vakkeuse vir graad 10-12 uit te oefen** volgens die onderstaande instruksies.

1. Skryf die SEWE stappe in volsinne.
2. Nommer jou sinne van 1 tot 7.
3. Skryf slegs EEN feit per sin neer.
4. Gebruik sover as moontlik jou EIE woorde.
5. Jou opsomming moet tussen 70-80 woorde lank wees.
6. Dui die getal woorde wat jy gebruik het aan die einde van jou opsomming in hakies aan.
7. Jy hoef nie 'n titel vir jou opsomming te gee nie.

GRAAD 9 VAKKEUSE

Oor die volgende paar maande, sal alle graad 9 leerders vakkeuses moet uitoefen om te besluit watter vakke hulle in graad 10 tot hulle finale matriekeksamen wil neem. Vir sommige leerders is dit 'n maklike oefening, maar vir die leerders wat onseker is oor wat hulle wil gaan studeer na matriek, kan dit 'n oorweldigende ondervinding wees. Alhoewel hulle 'n naskoolse opleiding om die draai is, is die keuse van 'n korrekte vakkeuse belangrik om hulle toekoms en loopbane te bepaal. Claudia Swartberg, Hoof Uitvoerende Beampte van *Top Dog*, deel haar riglyne om te help met graad 9 vakkeuse.

Leerders moet 'n opvoedkundige sielkundige spreek wat hulle kan help met beroepsvoorligting. Dit sal help om met 'n tersiêre adviseur te praat of om die webtuistes van universiteite en kolleges te besoek om 'n gevoel te kry van watter studierigtings daar is en wat die vereistes is.

Alhoewel dit belangrik is om vakkeuses te maak met die oog op 'n toekomstige beroep, is dit ook belangrik om vakke te kies waarin die leerders belangstel om sodoende 'n beroep te kies wat volhoubaar en genotvol is. Leerders se vakkeuse moet nie gemaak word omdat hulle van 'n spesifieke onderwyser hou nie, want die betrokke onderwyser gaan nie noodwendig die vakke in graad 11 en 12 onderrig nie.

Leerders se belangstellings verander met tyd en daarom is dit belangrik dat hulle keuses nie hulle toekoms beïnvloed nie. Wiskunde is 'n voorvereiste vir baie studierigtings soos

Besigheidsstudies, Ingenieurswese en Wetenskaplike rigtings en sal 'n goeie keuse wees om te verseker dat hierdie geleenthede beskikbaar is.

Leerders moet rustig raak en die besluitnemingsproses so kalm as moontlik hanteer. Dit word aanbeveel dat leerders hulle vakkeuses van die begin van Graad 9 of selfs graad 8 begin oorweeg.

Aangepas van: <https://www.IOL.co.za/education>

[10]

Einde van toets

